SAPPA – RIGLYNE VIR DIE VERHANDELING VAN PEKANNEUT KWEKERYBOME

Soos hersien Januarie 2019

Agtergrond

Dit gebeur dat kopers bome ontvang wat nie voldoen aan hulle verwagtings nie. Die Algemene Riglyne is om moontlike misverstande tussen kopers en kwekers te voorkom.

Dit is steeds SAPPA se standpunt dat die verhandeling van pekanneutbome ‘n saak tussen die koper en kweker is.

Definisies en Afkortings

Kommersiele aanplanting/boord: ‘n Boord wat aangeplant word vir die produksie en verhandeling van pekanneute

SAPPA: Suid-Afrikaanse Pekanneut Produsente Assosiasie NPC

DAFF: Departement van Landbou, Bosbou en Visserye

Riglyne aan kopers:

- Neem kennis van die vereiste en aanbevelings vervat in die SAPPA – Riglyne, Klassifikasie en Standaarde vir Pekanneut Kwekerybome.
- Stel vas of die kweker ‘n geassosieerde lid van SAPPA is. Verwys na lys op SAPPA webtuiste.
- Besoek indien moontlik die kwekery om die kwaliteit van die bome wat beskikbaar is, vas te stel.
- Bevestig met die kweker watter bome gebruik sal word vir jou bestelling voordat jy ‘n deposito betaal. Neem foto’s.
- Maak seker dat die bome wat ontvang word die bome is waarvoor betaal is.
- Indien houerbome gekoop word, stel vas wanneer die bome in die houers geplant is.
- Stel vas of die kweker die SAPPA grootte klassifikasie gebruik en indien nie, kry ‘n afskrif van die klassifikasie wat gebruik word.
- Maak seker dat bome geënt of geokkuleer is. Saailinge word glad nie aanbeveel vir kommersiële aanplantings/boorde nie.
- Stel vas watter waarborg vir kultivaregtheid gegee word.

Riglyne aan kwekers:

- Spesifiseer die volgende op die bestelvorm **en** faktuur:
    - Grootte en prys van die bome.
    - Of dit oopwortel of houerbome is.
    - Getalle per kultivar.

- Kom skriftelik ooreen wanneer:
    - Klein of oorgroot bome verkoop word.
    - Saailinge verkoop word.
    - Bome wat minder as een groeiseisoen in houers geplant is, verkoop word.

Vereistes waaraan kwekers moet voldoen om te kwalifiseer vir SAPPA geassosieerde lidmaatskap:

- Skriftelike onderneming om aan die SAPPA “Riglyne, Klassifikasie en Standaarde vir Pekanneut Kwekerybome” en “Riglyne vir die Verhandeling van Pekanneut Kwekerybome” te voldoen.

- Kwekeryregistrasie by DAFF"of bewys dat aansoek daarvoor gedoen is.

Kontakbesonderhede:

Registrar Plant Improvement Act
Ms Linda Ncetezo
Tel: 012 319 6255
E-mail: LindaSN@daff.gov.za